Paulus is die apostel wat deur die Here Jesus uitgestuur is om die Blye Boodskap van redding wat in Christus se kruisdood en opstanding uit die dood bewerk is, te gaan verkondig. Silas was 'n Nuwe Testamentiese "profeet" en Timoteus was 'n evangelis. Diensknegte van die Here. Moenie dink dat hulle, omdat hulle self voorbidders is, u voorbidding nie nodig het nie. Daar is dalk tye wat hulle van almal u voorbidding die nodigste het. Dit is die Here se wil dat Sy gemeente ook spesiaal vir dié wat die Woord aan hulle verkondig, moet bid.

In vers 25 word net gesê: "bid ook vir ons". Maar as 'n mens na die ander oproepe van die apostel tot voorbidding vir hom kyk, dan blyk dit dat hy veral vir twee sake voorbidding vra, naamlik: vir die veiligheid van die Woordbedienaars en vir suksesvolle Woordverkondiging. Die Satan wou hulle verlei en vermoor. Paulus vlug op verskillende plekke om voor die moordenaars te bly. Onthou dat mense wat destyds die Here Jesus verkondig het, glad nie gewild was in die wêreld nie. Paulus kon uit eie ervaring daarvan getuig – hy was in die tronk, geslaan met 'n sweep en gestenig. En nou vra hy in sy briewe: Bid dat ons lewens gespaar sal bly, sodat ons kan voortgaan om Jesus Christus te preek!  As jy beter voorgangers vir die gemeente wil kry, bid vir die wat hier is!!

# OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here dat Juan en Megan vd Merwe se dogtertjie, Adelyn, die afgelope week gebore is. Geluk aan die ouers en grootouers. Ons bid julle die seën van die Here toe met die opvoedingstaak.
* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat die volgende 12 weke chemo-behandeling moet ontvang. Mag ons Here jou deur die tyd versterk na liggaam en siel.
* Ons bid die Here se seën toe vir Theyman en Simonè Jongbloed met die operasie wat hy moet ondergaan. Ons bede is dat alles suksesvol sal verloop.
* Nelie Badenhorst kon nie die operasie aan haar hand ondergaan nie, omdat daar nie vir haar 'n bed beskikbaar was nie. Sy het erge pyn en ons bid dat sy spoedig kan teruggaan.
* Antoinette Sauerman gaan weer na Pta vir 'n doktersafspraak. Ons bede is dat dit positiewe nuus sal wees.
* Theuns Botha was vir 'n chemo-sessie in Pta. Hy kan steeds nie sy linkerbeen gebruik nie. Ons bede is dat die bloedklont sal oplos en die gewas ook verder sal krimp.
* Baie geluk aan Cornè van Greunen, Thinus vd walt en Matthew Llewellyn wat as diakens bevestig word. Mag die Here julle met groot vrug gebruik in ons gemeente.

# KALENDER

| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 23 Mei | ***Elizaberth Odendaal ***** <br> Tegan Kuilder | ***80*** <br> 19 | B <br> B | 064 857 8199 <br> 073 499 4735 |
| Wo 25 Mei | ***Kotie Erasmus ***** <br> Anna-Mart Maré <br> Ziany Kuilder <br> Ruben Van Ree | ***85*** <br> 35 <br> 21 <br> 17 | B <br> B <br> B <br> D | 082 651 6301 <br> 082 318 7263 <br> 073 499 4735 <br> 082 672 2511 |
| Vr 27 Mei | Su-Marie Stander | 35 | B | 074 580 3739 |
| Sa 28 Mei | Japie Hoogenboezem <br> Danie Slabbert | 60 <br> 54 | B <br> B | 082 891 3021 <br> 072 309 4641 |

## HEMELVAART DIENS

Die kerkraad het besluit dat ons ‘n erediens op ***Hemevaart Dag*** 26 Mei 2022 om 18:00 sal hê.

Neem asb kennis dat die Hemelvaart diens ***NIE lewendig op YouTube gestroom sal word nie.***

